



# Nuusbrief
## DIE HOËRSKOOL
# WONDERBOOM

18 FEBRUARIE 2022

GROEI en DIEN

## BOETIES NEEM DEEL AAN DIE MIDMAR




Marco en Hein Reiners het die afgelope naweek aan die Midmar Myl swemkompetisie deelgeneem. Die twee broers het ook twee oud Wonnies (Werner Britz - hoofseun 2012 en Charné Britz (Scott) - hoofmeisie 2013) raakgeloop by die Midmar.

Marco Reiners het in `n tyd van 33:22 klaargemaak en eindig algeheel in die 362ste plek. Hein was kort op sy hakke en het in `n tyd van  34:42 klaar gemaak. Hein eindig in die algehele 483ste posisie. `n Totaal van 4100 swemmers het vanjaar  aan die Midmar Myl deelgeneem.







## INHOUD

SKOOLGELDE
ATLETIEK NUUS
E-POSSE
WHATS'APP
TENNIS NUUS
VAKVERANDERING
FINALISTE
INSAMELING
INTERHOËR

# INVORDERING VAN SKOOLGELDE

Graag wil ons elke ouer bedank vir die getroue betaling van skoolgeld. Ongelukkig is daar ouers wat nie hul verpligtinge nakom nie. Vir diégene wil ons die proses rakende die invordering van skoolgelde verduidelik.

Dit word duidelik gestel in die Suid-Afrikaanse Skolwet 84 van 1996 dat ouers, volgens artikel 40(1), aanspreeklik is vir die betaling van skoolgelde. Skoolgelde word jaarliks tydens die algemene begroting, waarheen alle ouers uitgenooi is, bepaal. Die volle bedrag skoolgeld is wetlik betaalbaar in Januarie. Die ouers kan egter tydens die begrotingsvergadering 'n resolusie aanvaar dat skoolgelde in paaiemente betaalbaar is. Die Hoërskool Wonderboom se skoolgeld is dus betaalbaar in 11 paaiemente (Januarie tot November), waar dié maandelikse paaiement teen die 4de van elke maand betaal moet wees.

Ouers wat dus teen die 4de nie die maandelikse betaling gedoen het nie, gaan 'n SMS ontvang om u te herinner rakende die betaling. Indien geen betaling plaasvind nie, moet die wetlike proses van invordering soos beskryf in artikel 41 (1): *'n Openbare skool kan die betaling van skoolgelde deur ouers wat ingevolge artikel 40 daarvoor aanspreeklik is, deur n regsproses afdwing*, begin.

Tans kry ons verskeie navrae rakende ouers wie eers die 15de salaris ontvang. Die ooreenkoms rakende die resolusie is egter dat ouers reeds teen die 4de hul skoolgelde moet betaal. Hierdie ouers moet asseblief dienooreenkomstig beplan. Dit funksioneer op dieselfde konsep soos bv. 'n selfoonkontrak. Die betaling van 'n selfoonkontrak moet bv. aan die einde van die maand geskied, nieteenstaande die feit dat u salaris eers die 15de betaal word. Ouers moet ook asb. in gedagte hou dat personeelsalarisse, water- en ligterekening, telefoonkostes, afrolwerk, sekuriteit ens. steeds maandeliks deur die skool betaal moet word, en juis daarom moet u asseblief reeds teen die 4de u verpligting rakende skoolgeld afhandel.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning in die verband.



# MOOT ATLETIEKBYEENKOMS UITSLAE

**EERSTE PLEK :**Clayton Liebenberg (400m)

Thomo Nkoana (1500m), Chrtistiaan Swanepoel (400m), Darius van Loggerenberg (Verspring), Navan Jansen (400m), Marnus Lezar (400m), Eduan Kritzinger (400m Hekkies), Kyle Mauer (400m), Xavier Prinsloo (110m Hekkies), Jason Smit (3000m), Justin Helena (Spiesgooi), Wian Louw (100m, 200m, 400m), Christiaan Morris (Diskus), Aflos (Seuns 19), Waldo Wohner (100m), Alicia Broodryk (400m), Anuschka Clark (Spiesgooi), Luche Greyling (90m Hekkies), Kaylie Groenewald (300m Hekkies), Marle Snyman (300m Hekkies), Demi Gibson (Hoogspring), Charne Peyper (1500m), Aflos (Meisies 16), Toanette Roux (400m, 800m), Kaylie van Wyngaard (100m, Hoogspring), Leane Pienaar (800m, 1500m, 3000m), Mia Lundt (200m), Ninica van Heerden (100m Hekkies, 400m), Masego Seleka (Driesprong), Charne Barwise (100m, 200m), Sonique Deysel (Gewigstoot), Michelle Peens (Hoogspring), Aflos (Meisies 17), Chane Schoeman (100m, 200m, Verspring), Mikayla de Klerk (1500m), Kay Maaga (100m Hekkies, Driesprong), Simone Swart (Spiesgooi).





**TWEEDEPLEK :**Aflos (Seuns 14), Nathan Roesch (100m), Ruan Roets (300m Hekkies), Darius van Loggerenberg (100m, 200m), Jayden Britz (200m), Ewan Buitendach (100m Hekkies, 300m Hekkies), Jayden Prinsloo (100m Hekkies), Adrian Slater (Hoogspring), Aiden Swart (Spiesgooi), Tyron Jansen van Noordwayk (Spiesgooi), Eduan Kritzinger (200m), Kyle Mauer (110m Hekkies), Ruan O'Kelly (Verspring), Elden Potgieter (hoogspring), Coban Tullues (Gewigstoot), Mpho Kgatla (400m Hekkies, Hoogspring), Xavier Prinsloo (200m), Thapelo Simangwe (400m, Verspring, Driesprong), Jason Smit (1500m), Marne Botha (400m Hekkies), Thinus du Plessis (3000m), Romeo Paulin (200m), Hanthys Venter (400m Hekkies), Alicia Broodryk (1500m, 800m), Anuschka Clark (Diskus, Gewigstoot), Dani Drake (Hoogspring), Luche Greyling (200m), Kaylie Groenewald (90m Hekkies), Melissa Kidson (Verspring), Marcia-Leigh Buys (300m Hekkies), Anneke du Toit (90m Hekkies), Chardonnay Heynick (300m Hekkies, 90m Hekkies), Karlien Huart (Hoogspring), Milla Jansen van Rensburg (Spiesgooi), Marlie Jansen van Vuuren (1500m), Abinica Maritz (100m), Charne Peyper (800m), Masego Thoka (200m), Kaylie van Wyngaard (Verspring), Mia Lundt (400m), Masego Seleka (100m Hekkies), Michaela Hoffman (Driesprong), Kultwano Nkoana (100m Hekkies), Melandri Pretorius (Diskus), Gladness Makgopa (400m Hekkies), Tsona Maluleka (100m Hekkies, Driesprong), Jessica Scott (Diskus).

**DERDE PLEK:**Keorapetse Masita (1500m), Teboho Matlokotsi (100m Hekkies), Aiden Nell (Spiesgooi), Ruan Roets (100m Hekkies), Chrtistiaan Swanepoel (800m), Henrico du Plessis (1500m, Spiesgooi), Brendon Freemantle (200m), Navan Jansen (800m), Jayden Prinsloo (300m Hekkies), Aflos (Seuns 15), Tyron Jansen van Noordwayk (1500m, 800m), Eduan Kritzinger (100m), Ontatile Maphuru (400m Hekkies), Aflos (Seuns 16), Dawie Breedt (Spiesgooi), Divan Schmahl (100m), Jason Smit (800m), Romeo Paulin (100m), Luche Greyling (400m), Kaylie Groenewald (Verspring), Danica Maree (100m), Laruche Nel (1500m), Aflos (Meisies 14), Tiane Taljaard (100m), Karlien Huart (400m), Marlie Jansen van Vuuren (800m), Zenobia Strauss (Diskus),Aflos (Meisies 15), Mahlangu Tshego (100m, 200m), Marine Botha (800m), Jeane du Plessis (Gewigstoot), Siska du Plessis (400m), Michelle Fourie (1500m), Otloteng Dimu (1500m, 3000m), Michan Homan (400m), Kay Maaga (Verspring), Malebo Malebye (100m, 200m), Jessica Scott (Spiesgooi), Simone Swart (Hoogspring).





# WONNIE E-POS ADRESSE

Ouers, ondersteuners en die gemeenskap van Die Hoërskool Wonderboom moet asseblief kennis neem dat die skool slegs kommunikeer deur middel van sy @wonnies.co.za e-pos adresse. Dit het onder ons aandag gekom dat daar verkeerdelik met die gemeenskap gekommunikeer word van nie amptelike skool platforms nie. Indien u enige navrae het, kontak die algemene kantoor by hswb@wonnies.co.za.

# WONDERBOOM ONDERSTEUNERSGROEP

Die Ondersteunersgroep word gebruik as 'n direkte skakel tussen die skool en die ouers/ondersteuners. Al die gebeurtenisse by die skool sal op hierdie groep geplaas word.

U kan met die volgende skakel by die WhatsApp groep aansluit:https://chat.whatsapp.com BQ0eUP7n9Om6Zc1oamb8Fu

Indien u iets wil weet of iets wil laat plaas, enige voorstelle het of hulp nodig het met iets, stuur gerus vir enige van die Admins van die groep 'n boodskap.

# TENNIS WEN WEER!

Die Hoërskool Wonderboom se 1ste Dogters-Tennisspan het die afgelope week kragte gemeet teen Hoërskool Sutherland. Die meisies wen die enkelspel met 32-9. As gevolg van die reën kon die duppelspel nie plaasvind nie.



# THERON'S MEAT
## FACTORY SHOP





**185 CHARLOTTE MAXEKE STREET PRETORIA WEST**

# BOEREWORS BONANZA!!!

## 25 – 26 February 2022

**5KG THERON'S BOEREWORS**

## FOR ONLY R265.00

**BRING THIS FLYER AND ENTER INTO THE LUCKY DRAW FOR A R500 SHOPPING VOUCHER**

**CALL US: 012 327 3200/2483/3939**
**WHATSAPP: 076 537 1524**
**WHILE STOCKS LAST**


## VERANDERING VAN VAKKE

Leerders moet asseblief kennis neem dat GEEN vakveranderings vir kwartaal 1 meer gedoen kan word nie. Veranderings sal weer in kwartaal 2 hanteer word. Leerders moet nou eers hul toetsreeks afhandel.

## MNR & MEJ WONNIE 2022

Hartlik geluk aan die volgende leerders wat aangewys as finaliste vir vanjaar se Mnr & Mej Wonnie kompetisie. Sterkte met die voorbereidings en inoefening.

| SEUNS | DOGTERS |
|---|---|
| Armand Cilliers | Chardé Vermaak |
| Stephen Holloway | Klarise du Preez |
| Dwight Stoman | Janaé Steyn |
| Dawie Breedt | Malebo Malebye |
| Divan Schmahl | Sonique Gilardi |
| Steven Mccabe | Sumari Landsberg |
| Andro v Rensburg | Leoné vd Berg |
| Kyle Mauer | Jolin Schutte |
| Fourie vd Walt | Kylie v. Wyngaard |
| Gordon Mullin | Jennifer Kokt |
| Wayne Pretorius | Janika vd Walt |
| Kegan vd Bank | Mikayla de Klerk |



## SKRYFBEHOEFTE INSAMELING

Ons doen graag 'n beroep op Oud-Wonnies en die gemeenskap, wat in besit is van tweedehandse sakrekenaars en IGO-tekenborde om dit aan die skool te skenk. Ons wil graag minderbevoorregte leerders help.

Kontak me. Holland-Müter by media@wonnies.co.za vir navrae.

## ATLETIEKDRAG

Tans is daar 'n behoefte aan bruikbare Wonnie-Atletiekdrag. Indien u 'n skenking kan maak, kontak asb. vir mnr. E Jordaan of stuur 'n e-pos na atletiek@wonnies.co.za.

## INTERHOËR ATLETIEK

Weens die Interhoër-atletiek wat op Woensdag, 23 Februarie plaasvind, sal daar geen skool op die dag wees nie. Daar sal wel by die skool toesig wees vir leerders wat nie alleen tuis kan bly nie. Leerders sal konstruktief deur personeel wat teenwoordig is by die skool, besig gehou word.




Dankie vir nóg `n goeie week in Wonnieland. Elke leerder en onderwyser se deelname word raakgesien en opreg waardeer.

Vriendelike groete



Mnr. M Iezar

Skoolhoof